**Sondag 27 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8:1-15**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:7 (AFR83/2020)**
**Dra mekaar se fisiese belange op die hart**

Wanneer ons 2 Korintiërs 8:1-15 lees, dan kom die feit sterk na vore dat ons as kinders van God mekaar se fisiese belange op die hart moet dra tot eer van God, tot uitbreiding van sy koninkryk. Ons moet sorg dra vir mekaar. Paulus skrywe aan die gemeente van Korinte om hulle daarop te wys dat God hulle op die geestelike gebied sy seën in oorvloed gegee het. Hulle het ’n oorvloed van geloof, welsprekendheid, kennis, alle ywer en die liefde. Reeds in sy eerste brief aan die gemeente prys hy hulle vir die feit dat God hulle ryklik geseën het met die gawes van die woord en kennis en dat hulle nie aan ’n enkele genadegawe ontbreek nie (1 Kor. 1:4-7).

Paulus wys die gemeente nou daarop dat hierdie geestelike seëninge, wat genade van God is, hulle moet aanspoor om bereid te wees om ook die kerk van die HERE fisies te versorg. *As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie* (2 Kor. 8:12).

As voorbeeld gebruik Paulus die gemeente van Masedonië (2 Kor. 8:1-5). Hierdie arm gemeente het ’n vrywillige groot bydrae gelewer tot die gelowiges in Judea. Die rede vir hulle bereidwilligheid was dat hulle hulself eers aan die Here gegee het. Hulle toewyding aan God het veroorsaak dat hulle bereid is om ander gelowiges te help selfs bo hulle vermoë.

In Christus se toewyding aan ons hemelse Vader het Hy aan die kruis sy lewe prysgegee sodat ons die rykdom van die nuwe lewe in Hom ontvang het. Sy bereidwilligheid om ons deur die kruis met ons hemelse Vader te versoen, moet ons daartoe bring om met bereidwilligheid mekaar te versorg met ons fisiese gawes wat ons van God ontvang het. God sorg vir ons dat ons byvoorbeeld ’n sekere beroep kan beoefen en kan bydra tot hierdie koninkrykswerk waar ons ook aan mekaar se fisiese belange moet dink. *Aangesien julle alles in oorvloed het: geloof, die gawe om julle woord te doen, kennis van God, onbeperkte ywer en ons liefde vir julle, wees dan ook in hierdie liefdeswerk oorvloedig* (2 Kor. 8:7).

*Sing: Psalm 150-1:1, 2*

*Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)*